higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

WERKSWINKELPRAKTYK
NKR VLAK 2

(12041012)

24 November 2023 (Y-vraestel)
13:00–16:00

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

348Q1N2324

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
WERKSWINKELPRAKTYK
NKR VLAK 2
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs 'n blou of swart pen.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.6) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1.1 'n Ongeluk kan gedefinieer word as 'n beplande gebeurtenis wat deur onveilige dade of toestande veroorsaak is.

1.1.2 Om 'n skroewedraaier sonder isolasie te gebruik wanneer jy 'n kringbreker in 'n spanningdraende distribusiebord vervang, word as 'n veilige toestand beskou.

1.1.3 Daar moet altyd voldoende ventilasie en beligting in die werksplek wees.

1.1.4 Chemikalieë is 'n voorbeeld van 'n gevaarbron.

1.1.5 Mense wat steierwerk verrig, is blootgestel aan interne val, eksterne val en klimmende val.

1.1.6 Wanneer 'n stroom van 2,5 A deur die menslike liggaam vloei, kan dit hartversaking veroorsaak of selfs die persoon laat sterf.

(6 × 1) (6)

1.2 Noem VYF pligte van werknemers ten opsigte van gesondheid en veiligheid in die werksomgewing. (5 × 2) (10)

1.3 Noem VIER verskillende soorte beserings wat iemand kan opdoen weens elektrisiteit. (4)

[20]

VRAAG 2

Kies 'n woord/item vanuit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1

KOLOM A		KOLOM B	
2.1.1	Om tydelike hulp of behandeling te verleen totdat mediese hulp opdaag	A	bloeding
2.1.2	Die graad van erns hang van die stroomvlak af wat deur die liggaam gevloei het en die tydsduur van kontak	B	noodhulp
2.1.3	Wanneer bloed uit enige van die bloedvate ontsnap	C	elektriese skok
2.1.4	'n Gebreekte of gekraakte been	D	verbrand
2.1.5	Velbeserings wat deur hitte veroorsaak is	E	kunsmatige asemhaling
		F	breuk

(5 × 1) (5)

2.2 Beantwoord die volgende vrae aangaande 'n persoon wat in skok is en brandwonde en blase opgedoen het weens 'n elektriese skok:

2.2.1 Beskryf die behandeling wat toegepas moet word op iemand wat in skok verkeer. (3)

2.2.2 Verduidelik hoe jy hierdie persoon sal behandel (wat brandwonde opgedoen het as gevolg van 'n elektriese skok) deur te noem wat gedoen moet word EN wat nie gedoen moet word aan die beseerde persoon nie. (5)

2.3 Noem enige TWEE simptome van skok. (2)
[15]

VRAAG 3

3.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.1.1 Die soort saag wat gebruik word om staal te sny:

A Puntsaag ('Tip saw')
B Ystersaag
C Treksaag
D Tapsaag ('Tenon saw')

3.1.2 Die gladde, breë deel van die vyl sonder tande:

A Punt
B Voorkant ('Face')
C Skouer
D Hiel

3.1.3 'n Soort klamp wat gebruik word om voorwerpe vas te maak, vas te hou of styf teen mekaar te druk deur middel van druk, en daardeur dus keer dat dit skuif of losraak van mekaar:

A Staafklamp
B Handige klamp ('Handy clamp')
C G-klamp
D Diepkeel-G-klamp

3.1.4 Dit het een oop punt en 'n ring van dieselfde grootte aan die ander punt:

A Kombinasiesleutel
B Oopbeksleutel
C Ringsleutel
D Ratelende ringsleutel

3.1.5 Hierdie soort tang, wat gebruik word om drade te draai, kan op plekke pas waar ander tange nie kan bykom nie:



A Sykniptang
B Kombinasietang
C Langbektang
D Draadstroper

(5 × 1) (5)

3.2 Verduidelik waarvoor 'n kabelmes gebruik word. (2)

3.3 Noem DRIE voorsorgmaatreëls om na te kom wanneer trekbande ('draw tapes') gebruik word. (3 × 2) (6)

3.4 Noem TWEE dinge wat gedoen kan word wanneer 'n skroewedraaier op sodanige wyse beskadig is dat dit nie in 'n skroefgleuf pas nie. (2)

[15]



VRAAG 4

4.1 Verduidelik VYF stappe wat jy sal volg wanneer jy 'n bankslypmasjien gebruik om 'n plat beitel skerp te maak. (5 × 2) (10)

4.2 Wanneer 'n hoekslyper gebruik word, moet 'n mens altyd sorg dat die slypwiel nie breek nie.



Noem die DRIE onderdele van 'n hoekslyper wat sal veroorsaak dat die slypwiel breek indien dit beskadig word. (3)

4.3 Noem TWEE onderdele van elektriese kraggereedskap wat oor die algemeen smering benodig. (2)

[15]

VRAAG 5

5.1 'n Lasermeetband is 'n instrument wat gebruik word om afstand akkuraat te meet, maar dit kan gevaarlik wees as 'n mens nie die vervaardiger se instruksies volg nie.



Noem ten minste VYF voorsorgmaatreëls wat nagekom moet word wanneer 'n lasermeetband gebruik word, EN gee ook 'n rede vir elke maatreël. (5 × 2) (10)

5.2 Noem VYF faktore om in aanmerking te neem wanneer jy 'n waterpas gebruik of daarna asook hoe om vir die waterpas te sorg sodat dit vir lank in 'n goeie toestand sal bly. (5)

[15]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6

6.1 Gee VYF hoofredes waarom jy vir 'n taak of projek moet beplan. (5)

6.2 Verduidelik waarvoor 'n werkspermit gebruik word. (3 × 1) (3)

6.3 Noem TWEE verskillende soorte brandblussers. (2)
[10]

VRAAG 7

7.1 Verduidelik waarom oplosmiddels gebruik word tydens die soldeerproses. (2)

7.2 Noem die soort las waar die soldeersel nie goeie kontak met die komponentlood of gedrukte stroombaanbord ('PC board') maak nie. (1)

7.3 Noem DRIE algemene oorsake van oksidasie in soldering. (3)

7.4 Noem VIER stukke gereedskap of hulpbronne wat jy gaan benodig ter voorbereiding vir enige soldeerwerk. (4)
[10]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou